

24 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 16  
FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 16:9-18

### Jou wil of sy wil?

Om te sondig, is om jou doel te mis. Wanneer ons sondig, doen ons nie wat God wil hê ons moet doen nie. Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Ons spel dit *o-n-g-e-h-o-o-r-*

*s-a-a-m-h-e-i-d*, maar ons moet dit eintlik lees as *eiewilligheid*. Want alle ongehoorsaamheid aan God begin met die eiewilligheid van die mens, soos Eva wat haar eie kop volg teen die wil van die Here in, ook soos Simson, Dawid en Petrus. Verder is daar Agas, van wie ons hier in 2 Konings 16 lees dat hy in die tempel skuif en verskuif net soos hy dit goedgevind het. Daar was baie duidelike voorskrifte en bepalinge oor alles wat in die tabernakel, en later die tempel, moes wees, byvoorbeeld die brandofferaltaar (Eks. 27:1-8). Daar was ook duidelike voorskrifte waarvolgens die tempelgereedskap ingewy en geheilig moes word (Eks. 40:9).

Vir Agas het al die dinge geen waarde of betekenis gehad nie. As koning van Juda sluit hy 'n ooreenkoms met Assirië om hom van die magte van Israel en die Arameërs te bevry. As geskenk stuur hy die silwer en goud wat in die tempel was. Nog erger – op sy reis om die koning van Assirië vir die bevryding uit die hand van die vyand te gaan bedank, sien hy 'n heidense altaar in Damaskus. Onmiddellik word 'n afbeelding en 'n model hiervan teruggestuur Jerusalem toe, sodat 'n nuwe altaar gebou kon word in die plek van die bekende bronsaltaar ter ere van die Here. Agas volg sy eie kop – dit is eiewilligheid. Hy dien God nie met volle oorgawe en gehoorsaamheid nie, maar op sy eie manier, op sy eie voorwaardes.

En jy: Hoe eiewillig is jou pad met God? Ons kan tog nie anders wil leef as wat Jesus Christus, in volle gehoorsaamheid aan God, ons kom leer het nie. Selfs aan die kruis, deur die dood heen, stel Christus aan ons die voorbeeld: Nie my wil nie, maar laat U wil geskied. God vra van jou 'n totale oorgawe aan Hom en volkome gehoorsaamheid.

*Sing: Psalm 86:6*

*Ds Willem Kotze (Rooihuiskraal)*